

Omgeepapier 16 - 22 April 2023

Joh 21:1-19 - Ons lewe na Jesus se Opstanding

Jesus, ons Opgestane Here vra Petrus, Sy grootmond dissipel drie keer of Petrus hom **REGTIG** liefhet, met 'agape'- liefde na aanleiding van Petrus se driekeer-verloëning toe Jesus verhoor is! Nou, ná Sy opstanding, bevestig Jesus dan dat Hy Petrus nie afgeskryf het nie; Hy bevestig weer opnuut Petrus se roeping as Goeie Herder, of 'n Visser van Mense.

1. Lees Joh 21:15-17. **Dink daaroor: Jy, wat ook een van Jesus se dissipels is - in watter tipe situasies verloën jy gewoonlik / dikwels vir Jesus, al wil jy eintlik Sy Naam verheerlik?**

2. **Jesus het jou mos óók geroep vir 'n spesiale taak, wat nét JY kan uitvoer –** wat hoor jy, hoe sê jou Here Jesus, "Só moet jy daardie taak ánders benader met die krag van die Heilige Gees, met 'agape'- liefde?"

3. **Gebedsversoeke:** Vir wie anders / waarvoor kan ons saam met jou bid? / Waarvoor wil jy **dankie** sê?